# PERSEPSIES OOR ETNISITEIT ONDER POLITIES-GEDOMINEERDE GROEPE IN SUID- AFRIKA

W.P. Esterhuyse

Departement Filosofie, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 7600

ABSTRACT

PERCEPTIONS ABOUT ETHNICITY AMONG POLITICALLY DOMINATED GROUPS IN SOUTH AFRICA

Since 1948 the concepts race and ethnicity have come to play a decisive role in the ideological justification of government policy and, consequently, in the structuring of our socio-political system. A prime example in this respect is provided by The Population Registration Act 30 of 1950, a cornerstone of South Africa's socio-political system.

The impact of these concepts on the political perceptions of those not classified as white, is the subject of this article. It is argued that statutorily prescribed racial and ethnic differentiation in South Africa is one of the root causes of the legitimacy crisis in which the South African political system finds itself. Ethnicity came to be regarded as a justification of white domination by those not classified as white, giving rise to the counter-political idea of a non-racial democracy and the emergence of extra-parliamentary movements such as the UDF.

## 1. INLEIDING

Die begrip etnisiteit, asook die begrip ras, het in Suid-Afrika met sy diverse bevolkingsamestelling, 'n sleutelterm van die politieke taal geword. Dit word onder andere weerspieël in die feit dat rasse- en etniese differensiasie in die grondwetlike ordening van die land 'n deurslaggewende rol gespeel het. Ook in die sogenaamde nuwe bedeling.

In die verband hoef net verwys te word na die volgende statutêre bepalings: Die Bevolkingsregistrasiewet 30 van 1950; Die Wet op Groepsgebiede 36 van

1966; Die Ontwikkelingstrust en Grond Wet 18 van 1936; die Wet op die Bevordering van Swart Selfbestuur 46 van 1959. Gesamentlik vertolk hierdie vier wette, ideologies én staatkundig, die rassige en etniese beleid wat in Suid-Afrika gevolg is en veral na 1948 ingrypende statutêre beslag ontvang het.[1]

Dieselfde kan van die sogenaamde nuwe bedeling gesê word. Afgesien van die feit dat die Wet op Groepsgebiede en die Bevolkingsregistrasiewet fondamentstene van die nuwe bedeling is, word die rassige groepskonsep konstitusioneel versterk deur die verdeling in eie en algemene sake. Terwyl die Grondwet van 1983 die staatkundige stelsel wat in Suid-Afrika bestaan het, radikaal gewysig het, het dit nie die statutêre reëling van groepsverhoudinge binne die politiek wesenlik verander nie. Statutêre rasse- en etniese differensiasie het steeds 'n hoeksteen van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel gebly.

'n Belangrike rede vir die rasse- en etniese inslag van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel is die feit dat die politieke mobilisasie van Afrikaners in hoofsaak 'n vorm van etniese mobilisasie was, gekleur en gegeur met rasse-sentimente. As sodanig het etnisiteit en ras nie alleen 'n basisfaktor in die ontwikkeling van Afrikanerhegemonie en Afrikanermag geword nie, maar ook

--------------

[1] Vergelyk in die verband: Die Suid-Afrikaanse Samelewing: Werklikhede en Toekomsmoontlikhede, RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge, Pretoria 1985. Die afgelope veertig jaar het daar wêreldwyd 'n omvangryke apartheidsliteratuur ontstaan wat die Suid-Afrikaanse samelewing en politiek tot onderwerp van studie het. 'n Verskeidenheid van benaderingswyses word gevolg, soos byvoorbeeld ontledings vanuit die gesigspunt van rasse-dominasie of ontledings vanuit die gesigpunt van klasse-dominasie. Vergelyk in die verband: Heribert Adam, Modernizing Racial Domination, Berkeley 1971; F. Johnstone, Class, Race and Gold: A Study of Class Relations and Racial Discrimination in South Africa. London 1976; Robert Price and Carl Rosberg, The Apartheid Regime: Political Power and Racial Domination, Berkeley 1980; Heribert Adam and H. Giliomee, Ethnic Power Mobilized: Can South Africa Change? New Haven 1979.

die legitimeringsbron van die staatkundige stelsel wat ontwikkel en geïnstitusionaliseer is.

Hierdie kwessie is so belangrik vir die betoog wat in hierdie artikel gevoer word, dat ietwat verder daarop ingegaan moet word.

Op sosiaal-politieke en selfs statutêre vlakke het ras- en kleurfaktore lank voor 1948 reeds 'n rol gespeel. In dié verband hoef net verwys te word na pasregulasies, die Swart Grond Wet 27 van 1913 en die opskorting van die gekwalifiseerde stemreg vir swartes in Natal en die Kaapprovinsie gedurende die dertigerjare. Trouens, swartmense is uitgesluit van die onderhandelinge wat tot Uniewording gelei het, iets wat onder andere tot die stigting van die ANC in 1912 gelei het.

Wat wel vanaf 1948 gebeur het, is dat ras tot 'n statutêr-gesanksioneerde politieke ordeningskriterium verhef is. Daarvan getuig die komplekse netwerk van wette en regulasies met 'n rassediskriminerende inslag wat met verloop van tyd ontstaan het.

Pogings is mettertyd wel aangewend om begrippe soos volk en etnisiteit in te voer as legitimeringskonsepte vir beleid wat gevolg is, soos byvoorbeeld in die geval van die sogenaamde tuislandbeleid wat 'n vorm van geografiese skeiding was. Daar is selfs van afsonderlike ontwikkeling in plaas van apartheid gepraat.

Hierdie legitimeringspogings was om verskeie redes egter nie geslaagd nie. Een daarvan was die feit dat swart protes en verset gedurende die vyftigerjare onder talle swartmense 'n nuwe momentum ontvang het, soos geïllustreer deur die Defiance Campaigns, die aanvaarding van die Freedom Charter en die ontstaan van die Congress Alliance.

'n Tweede rede was die feit dat die aksent op volk en etniese verbondenheid enersyds 'n statutêr-voorskriftelike vorm aangeneem het en andersyds nie gepaard gegaan het met 'n opskorting van ras as vernaamste politieke ordeningskriterium nie. Dit was, om dit so te stel, nie 'n emansipasie uit die rasgeoriënteerde ideologie van apartheid nie, maar is toegepas met behoud van ordeningsmaatreëls wat op ras gebaseer was.

Dat dit die geval was, blyk onder andere uit Die Bevolkingsregistrasiewet 30 van 1950. Die hoofbevolkingskategorieë word hoofsaaklik op grond van rasgeoriënteerde kriteria ingedeel: blank, kleurling en swart. Die swart kategorie is in 1959 in 'n aantal etniese groepe verdeel en die kleurlingkategorie in 1967 in sewe groepe, waarvan een Indiërs is.

Hierdie wet is 'n mengsel van rassige, etniese en ander kriteria, insluitende voorkoms - soos in die geval van blankes - en negatiewe kriteria, soos in die geval van kleurlinge: 'n persoon wat nie 'n blanke persoon of 'n swart persoon is nie. Die maak klinkklaar duidelik dat die statutêre reëling van groepverhoudinge in Suid-Afrika verreweg nie op uitsluitlik etniese oorwegings berus nie, maar inteendeel van ras 'n basiese ordeningskriterium maak.

Hierdie gegewe, soos later in hierdie artikel verder beredeneer sal word, is een van die vernaamste redes waarom die aksent op volk en etniese verbondenheid weinig indien enige politieke aanneemlikheid gewerf het. Wanneer daar dus oor die persepsies ten aansien van etnisiteit binne 'n politieke konteks gepraat word, moet dit gedoen word teen die agtergrond van bogenoemde gegewe.

In hierdie artikel sal die effek van etniese politieke mobilisasie onder Afrikaners, en die ontwikkeling van 'n rassige- en etnies-georiënteerde staatkundige stelsel, op die politieke persepsies van diegene wat hulleself as gedomineer beskou, ontleed word. Alvorens dit egter gedoen kan word, is 'n aantal terminologiese verduidelikings noodsaaklik.

## 2. ETNISITEIT

Oor die verskynsel van etnisiteit word hierdie term in die literatuur hoofsaaklik binne 'n sosio-kulturele konteks gebruik. Dit funksioneer as 'n vorm van sosiaal-kulturele onderskeiding tussen groepe van mense, oftewel as 'n sosiaal-kulturele klassifikasieskema. Met die term etnisiteit word dus aangedui dat dit moontlik is om die mensdom in 'n verskeidenheid van sosiaal-kulturele groepe te differensieer.

Omdat hier sprake is van 'n klassifikasieskema is dit belangrik om te let op die kriteria of kenmerkende eienskappe waarvolgens die klassifikasie geskied.

Die literatuur[2] hieroor gee onder andere die volgende eienskappe:

- 'n gemeenskaplike waarde- en norme-oriëntasie, soos onder andere vergestalt in openbare sedes, kollektiewe morele oortuigings en konvensionele gedrag;
- 'n gedeelde groepspesifieke kultuur, soos onder andere tot uitdrukking kom in vorme van musiek, dans, literatuur en kleredrag;
- 'n kollektiewe historiese bewussyn en lotsverbondenheid, onder andere vergestalt in simbole - soos monumente -, ideale en belange;
- 'n gemeenskaplike taal;
- 'n kollektiewe demonstrasie van sosio-kulturele groepsolidariteit en groepsbewustheid, onder andere tydens bedreigings of kultuur- en feesgeleenthede van die groep;
- 'n gedeelde geografiese gebied, en nie noodwendig van 'n geo-politieke aard nie;
- 'n sterk endogame konvensie, oftewel huwelike binne die eie groep;
- 'n gemeenskaplike genetiese afkoms.

--------------

[2] Uit die talle studies oor hierdie onderwerp, word net verwys na N. Glazer en D.P. Moynihan (reds.), Ethnicity, Cambridge Mass. 1975; F. Barth (red.), Ethnic groups and boundaries, London 1969; L.A. Despres (red.), Ethnicity and resource competition in plural societies, Den Haag 1975.

- kriteria, konvensies en metodes - soos byvoorbeeld die naam van die groep - waarvolgens lidmaatskap van die groep bepaal word en 'n ons/ander verhouding gekonstitueer word;[3]

- kollektiewe groepsoptrede, in die bedinging om politieke mag, regte en skaars hulpbronne, en wat dikwels in etniese nasionalisme uitmond.

Bogenoemde kenmerke dra nie noodwendig dieselfde gewig in etniese identifikasie nie. Taal kan byvoorbeeld 'n sterker oorweging as genetiese afkoms wees, of omgekeerd. Wat wel beklemtoon moet word, is dat 'n bepaalde kombinasie van hierdie kenmerke die grondslag vorm van wat as etniese groepsidentifikasie bekend staan.

Dat daar in die praktyk verskillende kombinasies van bogenoemde kenmerkende eienskappe voorkom, dui iets aan wat van groot belang is wanneer oor die verskynsel van etnisiteit gepraat word. Die totstandkoming van hierdie kombinasies is nooit toevallig of bloot natuurlik nie. Dit word bepaal deur die algemene historiese, sosio-ekonomiese en politieke konteks waarbinne 'n bepaalde groep homself as 'n etniese groep identifiseer, die strategiese doelwitte wat die groep vir homself stel en die mobiliserende simbolisme wat deur die leierskorps van die groep aangewend word.

Om slegs een voorbeeld in die verband te noem. Die mobilisering van Afrikaners as 'n etniese groep was nie 'n historiese toevalligheid of 'n meganiese beskikking van Bo nie. Taal en die simbolisme wat daarmee gepaard gegaan het, soos byvoorbeeld die simboliese Ossewa-trek, het 'n deurslaggewende rol daarin gespeel. Dit het ook nie bloot oor taal en simbole gegaan nie. Binne die spesifieke historiese, sosio-ekonomiese en politieke konteks het dit oor die strategiese doelwitte van die verkryging van politieke mag en toegang tot hulpbronne gegaan.

--------------

[3] Hierdie punt word onder andere deur Barth (1969:15) beklemtoon. Dit hou verband met wat soms die grense van die groep genoem word.

Wat hierdie voorbeeld - soos ander voorbeelde waarna verwys kan word - wil illustreer, is dat die begrip etnisiteit nie net verwys na wat algemeen as die sosiaal-kulturele erfenis van 'n bepaalde groep bekend staan nie. Soos reeds geïmpliseer is deur bogenoemde kenmerkende eienskappe, en geïllustreer word deur die soort kombinasies wat binne bepaalde verbande optree, hou die term etnisiteit ook verband met kollektiewe belangebehartiging.[4] Trouens, die soort mobiliserende kerne, kombinasies van eienskappe en simbolisme wat die grondslag van etniese groepsidentifikasie vorm, hou direk verband met 'n bepaalde strategiese belang wat geïdentifiseer is, hetsy politieke mag of toegang tot hulpbronne, of albei. Wat ook al die strategiese belang mag wees, dit konstitueer die bepaalde etniese groep tot 'n gemobiliseerde belangegroep in die betrokke samelewing. Hierin is onder andere die konflikpotensiaal van 'n etnies-heterogene samelewing geleë.

In etniese mobilisering in die mededinging om mag en hulpbronne word van die kenmerke waarna verwys is, doelbewus gepolitiseer. Die Afrikaner is hiervan 'n baie goeie voorbeeld. Afgesien van taal is mettertyd ook genetiese afkoms gepolitiseer ten einde die Afrikaner in sy stryd om politieke mag en ander strategiese belange te bevoordeel. Anders gestel, die gewig wat aan taal en genetiese afkoms gegee is in Afrikaner (etniese) groepsidentifikasie, was ter wille van die behartiging van 'n eksklusiewe sosio-politieke belang - al die morele en selfs teologiese argumente wat benut is, ten spyt. Die reaksie wat dit van ander bevolkingsgroepe ontlok het, hou direk hiermee verband en sal in ander samehange ontleed word.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar in die lig van die voorgaande baie spesifiek van groepsidentifikasie gepraat word. Die term etnisiteit verwys nie

--------------

[4] Vergelyk in die verband die boek van L.A. Despres (ed.), Ethnicity and resource competition, Den Haag 1975.

na 'n geslote of statiese sosio-kulturele sisteem nie.[5] Dit is ook nie 'n term wat metafisies, substansialisties of essensialisties verstaan moet word nie, soos ook die geval met terme soos **kultuur** en **identiteit** is. Die onderskeidende kenmerke waarna hierby verwys is, en wat die grondslag van groepsolidariteit en groepsidentiteit vorm, veronderstel 'n proses van identifikasie deur diegene wat die betrokke etniese groep vorm. Ietwat paradoksaal uitgedruk: die term **etnisiteit** is nie 'n selfstandige naamwoord nie, maar 'n werkwoord, al is dit dan in die sin dat dit na 'n baie dinamiese proses van identifisering en solidariteitsbelewing met 'n bepaalde kombinasie van (etniese) kenmerke verwys.[6]

Omdat dit die geval is, is die belewing van etnisiteit nie universeel gelyksoortig nie. Dit kom voor op 'n skaal wat wissel vanaf uiters intens tot minder intens, afhangende van 'n verskeidenheid faktore. Trouens, dit is selfs moontlik dat etniese identifikasie deur ander vorme van identifikasie verswak kan word,

--------------

[5] Dit kan natuurlik gebeur dat 'n bepaalde etniese groep deur middel van sosiale uitsluitingsmeganismes en/of wetlike maatreëls relatief geslote bly in die sin dat lede van ander groepe nie sosiaal of andersins met die betrokke groep kan integreer nie. Die voorkoms hiervan beteken egter nie dat die term **etnisiteit** per definisie na 'n geslote of statiese sosio-kulturele sisteem verwys nie. Dit dui slegs aan wat in bepaalde empiriese omstandighede kan gebeur.

[6] Die wording van die Afrikanervolk is 'n goeie voorbeeld van hoe daar in die dinamiek van die geskiedenis en vanweë bepaalde historiese, politieke, sielkundige en ekonomiese faktore groepsidentifikasie en groepsolidariteit tussen mense van onderskeie kulturele en linguïstiese herkoms kan ontstaan. Trouens, wat met talle Afrikaners gebeur het, is ook 'n voorbeeld van die feit dat kulturele groepsidentifikasie en groepsolidariteit verwisselbaar is en daar by ander groepe ingeskakel kan word. Tans is daar selfs onder jong stedelike Afrikaanstaliges 'n tendens bespeurbaar wat daarop dui dat hulle, hoofsaaklik vanweë politieke oorwegings, hulleself sterker identifiseer met die idee van Suid-Afrikanerskap as met die idee van Afrikanerskap.

byvoorbeeld deur middel van godsdienstige identifikasie, ekonomiese identifikasie of politieke identifikasie.[7]

Dit is ook belangrik om te beklemtoon dat die terme etnisiteit en ras onderskeie vorme van klassifikasie aandui en nie noodwendig of noodsaaklikerwyse saamval nie.[8] Terwyl eersgenoemde term 'n sosiaal-kulturele onderskeidingsterm is en 'n proses van identifikasie behels, is die term ras primêr 'n deskriptiewe bio-genetiese term wat nie 'n subjektiewe identifikasie met raseienskappe veronderstel nie.[9] Die twee terme behoort tot onderskeie verwysingsordes sodat

--------------

[7] Dit is belangrik om daarop te let dat prosesse van modernisasie en verstedeliking, en die daarmee gepaardgaande wysiging van tradisionele waardes, gewoonlik tot 'n verswakking van etniese identifikasie lei. Anders gestel, die migrasie vanaf 'n argrariese kultuur na 'n stedelike kultuur is gewoonlik ook 'n migrasie vanaf 'n meer intens beleefde etniese belewing na 'n minder intens beleefde etniese belewing. Binne 'n oorwegend stedelike kultuur word etniese belewing gewoonlik in stand gehou wanneer 'n kompetisie om skaars hulpbronne en/of politieke mag plaasvind. A. Cohen (red.), Urban ethnicity, London 1974, bied insiggewende leesstof oor bepaalde aspekte van bogenoemde.

[8] Vergelyk oor hierdie baie komplekse kwessie: P. van den Berghe, Race and ethnicity, New York 1970; M. Banton, The Idea of Race, London 1977; I.R. Grigulerich and S.Y. Kozlov (reds.) Races and Peoples: Contemporary Ethnic and Racial Problems, Moscow, 1974; W.E. Mühlmann, Rassen, Ethnien, Kulturen, Berlin 1964.

[9] Dit is natuurlik moontlik dat in die proses van aktuele etniese groepsidentifikasie en belewing van groepsolidariteit die kwessie van ras wel 'n faktor kan wees. Die geskiedenis van Afrikaners is hiervan 'n baie goeie voorbeeld. 'n Skrywer soos Isaacs sluit selfs by sy omskrywing van basiese groepsidentiteit ook die kenmerk van ras in waarmee die betrokke indiwidu gebore word (Glazer en Moynihan, op. cit., p.29 e.v.). Daarmee bedoel hy egter nie dat ras sonder meer 'n sosiaal-kulturele onderskeidingskenmerk is nie.

'n vermenging van eienskappe op 'n kategorie-fout neerkom. Bygesê, waar etniese verskille en rasseverskille opsigtelik met mekaar saamval - soos in die geval van kleurverskille - kan 'n gemeenskaplike genetiese afkoms 'n baie groot rol in etniese belewing speel.

Binne Suid-Afrikaanse verband is dit ook noodsaaklik om op iets anders te wys. Etniese groepe en sosiaal-kulturele grense word in sommige kringe dikwels as die resultaat van 'n vasliggende skeppingsordinansie geïnterpreteer waaraan daar nie met mensehande getorring mag word nie.

Hiervoor word daar op verskeie Bybelgedeeltes in beroep gegaan, soos byvoorbeeld Genesis 11 waar die verhaal oor Babel aangeteken staan. Hierdie verhaal handel egter primêr oor God se reaksie op menslike oormoed en sug na naam en mag. Sekondêr wil dit bloot 'n verklaring gee vir die ontstaan van verskillende taalgemeenskappe, oftewel 'n antwoord bied op die vraag waarom en hoe het so baie tale ontstaan?

Om uit hierdie verhaal af te lei dat God tale en volke vas en ferm in sy skeppingsordening gemaak het en dat die mens hierdie Goddelike orde geweld aandoen as hy met dié verskeidenheid peuter, is 'n afleiding waarvoor daar geen gronde bestaan nie. Waar dit eerder op aankom, is 'n ideologisering van 'n Bybelgedeelte wat iets totaal anders na vore bring as 'n regverdiging van die reg van volke of taalgemeenskappe om hulleself tot elke prys te handhaaf omdat daar Goddelike sanksie vir hulle bestaan gegee word.

--------------

Dat daar konseptueel onderskei moet word tussen die terme **ras** en **etnisiteit** blyk ook uit die feit dat terme soos **rassisme** en **etnosentrisme** nie na dieselfde verskynsel verwys nie. Eersgenoemde is 'n ideologie wat op 'n konsepsie van rassemeerderwaardigheid/rasseminderwaardigheid berus. Die term etnosentrisme verwys na 'n konsepsie van kulturele meerderwaardigheid/minderwaardigheid. Dit is natuurlik wel moontlik dat rassisme as 'n regverdiging vir etnosentrisme gebruik kan word. Wat in die Afrikaner se geskiedenis gebeur het, is hiervan 'n voorbeeld, soos onder andere vertolk deur die boek van G. Cronjé, 'n Tuiste vir die nageslag (1944).

## 3. ETNISITEIT EN PERSEPSIES

Soos in die vorige afdeling betoog is, is etnisiteit 'n sosiaal-kulturele onderskeidingsterm wat op 'n verskeidenheid kenmerke berus. As sodanig verwys hierdie term na 'n empiriese gegewe waaroor daar wetenskaplik gepraat kan word. In terme van die onderskeidende kenmerke waarna verwys is, is dit moontlik om van etnies-plurale samelewings te praat en empiries vas te stel watter etniese groepe in 'n bepaalde land voorkom.[10]

Etnisiteit is egter meer as bloot 'n empiriese gegewe. Omdat daar sprake van etniese groepsidentifikasie is, is mense se persepsie van etnisiteit en die aard van hulle identifikasie van ewe groot belang. Dit kan in bepaalde gevalle selfs van deurslaggewende belang wees. Anders gestel, die waarde en belang wat 'n individu of groep aan die gegewe van etnisiteit heg en die funksie wat dit in die algemene verwysingsraamwerk en sisteem van oortuigings van die betrokke groep vervul, moet nie verontagsaam word wanneer daar oor die verskynsel van etnisiteit binne 'n bepaalde samelewing gepraat word nie. Dit is veral die geval wanneer die kwessie van etnisiteit binne politieke taalgebruik opduik.[11]

Ten einde hiervoor voorsiening te maak, word in hierdie artikel spesifiek van die persepsies van etnisiteit onder polities-gedomineerde groepe gepraat.

-------------

[10] Daar bestaan dan ook talle studies in die verband. Die bekende RGN-verslag oor Tussengroepverhoudinge is hiervan 'n baie goeie en insiggewende voorbeeld. Oor Afrika is daar die nog steeds interessante boek van L. Kuper and M.G. Smith (reds.), Pluralism in Africa, Berkeley 1969.

[11] Terwyl die RGN-verslag oor Tussengroepverhoudinge, en die talle ander verslae waarop hierdie verslag gebaseer is, weliswaar nie as 'n oorspronklike baanbrekersverslag bestempel kan word nie, gee dit wel een van die beste omvattende ontledings van die Suid-Afrikaanse samelewing binne 'n raamwerk van empiriese ondersoek en evaluasie van reaksies op die gegewe van etnisiteit.

Persepsies is nie die neutrale registrasie van empiriese stande van sake nie. Dit weerspieël nie die werklikheid nie, maar 'n bepaalde individu of groep se kyk op sake, die houding wat ten opsigte daarvan ingeneem word en die wyse waarop dit beleef word. In hierdie opsig is persepsies gewoonlik waardebelade in die sin dat dit die evaluasie van of oordeel oor 'n bepaalde saak of gebeure deur 'n groep of individu verteenwoordig. Daarom bevat persepsies merendeels 'n element van voorkeur of afkeur, van aanvaarding of afwysing. Wat ook al die geval mag wees, persepsies verteenwoordig mense se houdings ten opsigte van bepaalde sake of gebeure.

Daar is 'n belangrike rede waarom aan die kwessie van persepsies aandag gegee moet word. Sosiale gedrag, hetsy in kollektiewe of individuele verband, word nie net deur geïnstitusionaliseerde gedragsvorme, norme, waardes en konvensies bepaal nie. Dit word ook deur persepsies bepaal. Om 'n voorbeeld te noem: 'n persoon of groep in wie se persepsie die Wet op Groepsgebiede onreg verteenwoordig, sal nie met hierdie wet identifiseer nie - wat die status van hierdie wet ook al binne amptelike beleid mag wees.

Meer pertinent gestel: binne 'n politieke konteks is daar 'n direkte verband tussen persepsies en die kwessie van legitimiteit. Hierdie term is 'n sleutelbegrip wanneer dit oor politieke en staatkundige kwessies gaan.[12] Dit het, algemeen gestel, betrekking op die volgende:

- Ten eerste, die mate waarin mense hulle met die algemene waardes, norme en beginsels van politieke beleid identifiseer in die oortuiging dat dit hulle belange en aspirasies aanspreek.

- Tweedens, die mate waarin mense hulle met politieke instellings identifiseer in die oortuiging dat hierdie instellings hulle regte en belange bevorder.

--------------

[12] Iemand wat hom intensief met hierdie kwessie besig gehou het, was Max Weber. Vergelyk sy Wirtschaft und Gesellschaft, Bd. 1, Köln 1956.

- Derdens, die mate waarin mense hulle met politieke leiers, verteenwoordigers en amptenare identifiseer in die oortuiging dat hulle vertrou kan word met die regte, belange en aspirasies van mense.

Die term **legitimiteit** verwys dus na die aanneemlikheid wat beleids- en waarde-oriëntasies, instellinge en leiersfigure vir mense het. As sodanig is dit 'n belangrike en noodsaaklike voorwaarde vir sosio-politieke stabiliteit en 'n goeie gang van sake.

Legitimiteitserosie begin onder andere wanneer mense se persepsies van openbare beleidsdoelstellinge, waarde-oriëntasies, instellinge en leiersfigure 'n negatiewe karakter begin aanneem. Ontvang hierdie erosieproses momentum, ontwikkel daar gewoonlik 'n legitimiteitskrisis op een of al die vlakke waarna hierbo verwys is.[13] Wanneer dit gebeur, moet daar gewoonlik met mag in plaas van met gesag geregeer word.

Die belang van die voorgaande is geleë in die vraag wat die legitimiteitstatus van etnisiteit is in die politieke persepsies van diegene wat hulle situasie as een van dominansie deur 'n ander groep ervaar. Aan hierdie vraag kan vervolgens aandag gegee word.

## 4. DIE LEGITIMITEIT VAN ETNISITEIT BINNE POLITIEKE KONTEKS

Uit die RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge is dit baie duidelik dat etnisiteit binne die politieke persepsies van diegene wat hulle politieke posisie in die RSA as 'n situasie van blanke dominansie ervaar, buitengewoon negatief beleef word. Etnisiteit word geëvalueer as 'n regverdiging van blanke oorheersing en die uitsluiting van swartes uit die sentrale besluitnemingsproses.

Oor die algemeen kan die posisie van diegene wat buite die statutêre klassifikasiekategorie van blankes val, ten aansien van die bestaande konstitusionele bedeling in die volgende kategorieë verdeel word:

--------------

[13] Een van die beste ontledings in die verband is die boek van J. Habermas, **Legitimationsprobleme im Spätkapitalismus**. Frankfurt am Main 1973.

- gekoöpteerde medewerkers, dit wil sê persone wat op plaaslike, streeks- en nasionale vlakke in die stelsel ingebring is - hetsy deur verkiesings of deur benoemings - en wat nie enigiets sal doen om die stelsel te ontwrig of te versteur nie;

- pragmatiese opposisie binne die stelsel, dit wil sê persone en partye wat weliswaar aan die stelsel deelneem, maar met die motief om die stelsel van binne-af te probeer verander. Die Arbeidersparty en Inkatha is onder andere voorbeelde van hierdie strategie;

- buite-parlementêre opposisie, dit wil sê persone en partye wat nie bereid is om aan die stelsel deel te neem nie en dit van buite-af wil verander. Organisasies soos die UDF is hiervan 'n goeie voorbeeld;

- radikale uitdagers van die stelsel, dit wil sê persone en partye wat nie net weier om aan die stelsel deel te neem nie, maar ook vir 'n radikale strategie, insluitende geweld, gekies het om die stelsel te verander. 'n Organisasie soos die ANC resorteer onder hierdie groep.

Die laaste drie posisies het die volgende met mekaar in gemeen: 'n negatiewe en afwysende persepsie van etnisiteit as 'n statutêr-voorgeskrewe bousteen vir 'n staatkundige huishouding. Waaroor daar natuurlik verskil word, is die strategie wat gevolg moet word om van hierdie bousteen, in ieder geval in sy statutêr-voorskriftelike vorm, ontslae te raak. Diegene wat aan die stelsel deelneem, doen dit om takties-pragmatiese redes, naamlik om die statutêr-voorgeskrewe basis van die huidige politieke stelsel te verander. Onder hierdie groepe is die legitimiteit van die huidige staatkundige bedeling swak. In die geval van buite-parlementêre groepe en radikale uitdagers het die politieke stelsel geen legitimiteit nie.

Omrede van die etniese en rasse-inslag van die politieke stelsel, word hierdie stelsel in buite-parlementêre kringe as 'n geïnstitusionaliseerde vorm van rassisme beoordeel. In die persepsies van hierdie groep is daar dus 'n direkte verband tussen statutêr-verskanste etnisiteit en rassisme. Amptelike standpunte van kerke oor apartheid in sy ideologiese én geïnstitusionaliseerde

vorm, is 'n goeie illustrasie van die intensiteit van hierdie persepsie.[14] Trouens, in bepaalde teologiese kringe begin die standpunt reeds uitkristalliseer dat die Suid-Afrikaanse staat self geen morele bestaansreg het nie en as illegitiem afgewys moet word, 'n standpunt wat die implikasie het dat die strategieë van nie-geweld en geweld nie as alternatiewe nie, maar as aanvullende opsies geïnterpreteer kan word.[15]

Die negatiewe politieke persepsie van etnisiteit as statutêr-voorgeskrewe staatkundige bousteen, vind sy uitdrukking in die alombekende frase: non-racial mass democratic movement. Hierdie mobiliserende frase moet nie as bloot 'n opportunistiese slagspreuk beskou word nie. Dit vertolk inteendeel 'n diep beleefde afwysende houding teenoor die huidige Suid-Afrikaanse politieke proses en stelsel wat etnisiteit op 'n statutêr-voorskriftelike wyse hanteer.

Dit is in dié verband 'n oorvereenvoudiging om byvoorbeeld die totstandkoming van 'n organisasie soos die United Democratic Front (UDF) bloot te wyt aan die aktiwiteite van radikale aktiviste. Die ontstaan en groei daarvan hou direk verband met die instelling van die Drie-kamerstelsel, die aard van hierdie stelsel en die feit dat swartes daarvan uitgesluit is. Die vernaamste beswaar teen die nuwe bedeling was trouens nie die uitsluiting van swartes nie. Dit was inteendeel die feit dat die sogenaamde nuwe bedeling nog steeds gebaseer was op statutêr-voorgeskrewe rasse- en etniese kategorieë, en as sodanig vertolk is as 'n voortsetting van blanke politieke dominansie.

Dit is binne hierdie konteks dat die begrip democratic sy inslag gevind het. Terwyl hierdie term wel om bepaalde demagogiese en propagandistiese redes as mobiliserende konsep gebruik is, het dit ook gepaard gegaan met die oortuiging

--------------

[14] Vergelyk in die verband J. de Gruchy and C. Villa-Vicencio, Apartheid is a Heresy, Cape Town 1983.

[15] Lees in dié verband die belangwekkende studie van C. Villa-Vicencio (red.), Theology and violence. The South African debate, Johannesburg 1987.

dat democratic die teendeel is van statutêr-gereguleerde rasse- en etniese politieke magsbasisse. Ingevolge hierdie oortuiging het die nuwe bedeling geen legitimiteit binne hierdie kringe gehad nie. Vandaar ook die felle verset teen politieke partye wat aan die stelsel deelgeneem het ten einde dit te probeer verander.

Die vernaamste uitdaging van etnisiteit as statutêr-verskanste bousteen, kom natuurlik van die ANC - soos onder andere vertolk deur die konstitusionele riglyne van hierdie organisasie.[16] Die ANC het ongetwyfeld daarin geslaag om homself in die politieke persepsies van talle mense, binnelands en buitelands, te projekteer as die vaandeldraer van politieke ideale wat die etniese voorskrif tot niet wil maak. Daarom stel die ANC in sy konstitusionele riglyne dit baie duidelik dat 'n nuwe Suid-Afrikaanse staat die taak sal hê om 'n "single national identity and loyalty binding all South Africans" te promoveer. Dit word weliswaar gestipuleer dat so 'n staat erkening moet verleen aan "linguistic and cultural diversity" en selfs "facilities for free linguistic and cultural development" moet voorsien. Dit beteken egter nie dat etnisiteit as staatkundige bousteen sal figureer nie.

Krities gesien, lê daar wel implisiet in die ANC se konstitusionele riglyne 'n opvatting oor die funksie van die staat opgesluit wat, paradoksaal genoeg, aan die staat dieselfde regulerings- en inmengingsbevoegdheid gee as wat die huidige Suid-Afrikaanse staat het. Hiervoor is die reaksie op etnisiteit as statutêr-voorgeskrewe bousteen van die huidige staatkundige huishouding slegs ten dele 'n verklaring. Die uitdaging van die ANC ten opsigte van die huidige Suid-Afrikaanse staat gaan immers om baie meer as bloot die kwessie van etniese verskansing. Primêr gaan dit oor die kwessie van politieke mag - die verkryging daarvan en die behoud daarvan.

Dit alles ten spyt, is dit baie duidelik dat etnisiteit, as statutêr-voorgeskrewe staatkundige bousteen, en blanke politieke dominansie binne die politieke

--------------

[16] Die konstitusionele riglyne is 'n poging om aan sentrale gedagtes van die Freedom Charter uitdrukking te gee. In bepaalde gevalle verteenwoordig dit selfs 'n aanpassing.

persepsies van die drie groeperinge waarna hierbo verwys is, in 'n direkte verband met mekaar geplaas kan word. Trouens, dit is ook die rede waarom die term rassisme merendeels gebruik word om die Suid-Afrikaanse sosio-politieke stelsel te tipeer in plaas van die term rasse-diskriminasie. Terwyl laasgenoemde term op 'n praktyk van bevoorregting/verontregting in terme van rassefaktore dui, gaan dit in rassisme primêr oor rassemeerderwaardigheid/-minderwaardigheid. Die voorkeur vir die term rassisme wil aandui dat die Suid-Afrikaanse sosio-politieke stelsel, wat wel diskriminerend van aard is, in rassisme gegrondves is en daarom moreel illegitiem is.

Dit is in die verband belangrik om daarop te let dat die protes en verset teen die huidige sosio-politieke stelsel primêr nie geïnspireer word deur 'n afwysing van rassediskriminasie nie. Dié afwysing vind wel plaas, maar speel slegs 'n sekondere rol in politieke protes en verset teen statutêr-verskanste blanke dominansie. Daar heers gevolglik 'n afgrondelike kommunikasiegaping tussen blankes wat die hoofaksent op die sogenaamde verwydering van diskriminerende maatreëls plaas en diegene vir wie dit om blanke dominansie gaan. Dit is ook die rede waarom belangrike hervormingsinisiatiewe ten aansien van bepaalde rassediskriminerende maatreëls nie die verwagte dankbaarheid ontvang het nie.

Dit is nie toevallig nie dat daar in die politieke taalgebruik (van veral die buite-parlementêre opposisie) van die Pretoria-regime in plaas van die Suid-Afrikaanse staat gepraat word. In hierdie term word die persepsie van blanke dominansie, en bygevolg die morele illegitimiteit van die Suid-Afrikaanse staat, op 'n pregnante wyse uitgedruk. Daarmee word gesê dat politieke mag in die hande van 'n bepaalde groep gekonsentreer is en dat hierdie magskonsentrasie statutêr-verskans is.

Die verbinding tussen etnisiteit en rassisme binne die politieke persepsies van buite-parlementêre groepe is ook een van die redes waarom die term veelrassigheid in hierdie geledere afgewys word. Hierdie term word volgens woordvoerders verwerp omdat dit nog na die Suid-Afrikaanse samelewing vanuit die gesigspunt van ras kyk en 'n sosiaal-politieke erkenning van die rasfaktor impliseer. Daarom word in hierdie kringe baie spesifiek van nie-rassig gepraat.

Vanuit die hoek van legitimiteit gesien, bevind die RSA homself in 'n tragiese situasie wat die politieke hantering van die kwessie van etnisiteit betref. Terwyl blankes in die algemeen, en die Nasionale Party in die besonder, die legitimiteit van die politieke stelsel in terme van onder andere die etniese grondslag daarvan verdedig, is dit juis hierdie bousteen van die stelsel wat die bron van die legitimiteitskrisis is waarin die stelsel onder talle swartmense verkeer. Aangesien legitimiteit een van die voorwaardes is vir die goeie funksionering van 'n stelsel wat demokratiese waardes op prys stel, verkeer die huidige politieke stelsel in 'n ernstige krisis. Soos tereg deur die RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge uitgewys is, is die statutêr-voorskriftelike wyse waarop etnisiteit en ras in die politieke proses gebruik word, 'n belangrike rede vir die politieke konflik wat daar in die Suid-Afrikaanse politieke stelsel ingebou is. In hierdie opsig is die politieke stelsel eerder konflikgenererend as konflikakkommoderend.[17]

In die lig van die voorafgaande is dit nou moontlik om tot 'n aantal samevattende gevolgtrekkings te kom.

## 5. GEVOLGTREKKINGS

Die wyse waarop etnisiteit figureer in die politieke persepsies van diegene wat hulle situasie as een van blanke dominansie beleef, impliseer dat dit uiters simplisties is om die Suid-Afrikaanse samelewing bloot in etnies pluralistiese terme te ontleed. In terme van huidige politieke persepsies vind daar geen eenduidige of noodwendige etniese identifikasie plaas nie - in ieder geval nie binne 'n sosiaal-politieke konteks nie.

'n Ontleding in uitsluitlike etnies pluralistiese terme hou wel rekening met empiriese stande van sake, maar nie met die feit dat daar geen kousale of noodwendige verband tussen die empiriese gegewe van etnisiteit en die sosio-politieke belewing daarvan is nie. Anders gestel, die moontlikheid van

--------------

[17] Lees in die verband veral Hoofstuk 5 van die RGN-verslag oor Tussengroepverhoudinge: **Die Suid-Afrikaanse Samelewing: Werklikhede en Toekomsmoontlikhede**.

empiriese etniese differensiasie lei nie noodwendig tot politieke groepsidentifikasie nie. Etniese gedifferensieerdheid mag wel 'n realiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing wees, soos ten regte beweer word. Dit is egter allermins vanselfsprekend dat dit ook 'n realiteit binne die politiek is.

Dit is natuurlik nie uitgesluit nie dat etniese groepsidentifikasie ter wille van politieke mobilisasie ook in Suid-Afrika sal plaasvind sodra die blank-geïnisieerde en geïnstitusionaliseerde etniese voorskrif verdwyn. Die punt waaroor dit gaan, is egter dat dit nie noodwendig die geval sal wees nie en, indien dit sou gebeur, dit in ieder geval op die beginsel van vrye assosiasie sal geskied. Wat aanvaar moet word, is dat daar geen kousale of deterministiese betrekking tussen etnisiteit en politieke mobilisasie of politieke groepsvorming bestaan nie.

Dit is om hierdie rede wetenskaplik onverantwoord om die etniese politieke mobilisasie van Afrikaners as 'n voorspellingsmodel te gebruik van wat onder ander bevolkingsgroepe sal gebeur of wat hulle begerig is om te sien gebeur. Wat eerder in so 'n geval gebeur, is dat die etniese politieke mobilisasie van Afrikaners, vanuit ideologiese oorwegings, tot die status van 'n preskriptiewe model verhef word. Die model skryf voor hoe etniese mobilisasie moet/behoort te verloop. Daarmee word die gang van sake onder Afrikaners tot 'n algemene voorskrif en waarde vir ander bevolkingsgroepe verabsoluteer. Dit, op sy beurt, impliseer dat die alombekende idee van selfbeskikkingsreg onderhewig gemaak word aan etniese grense wat deur blankes voorgeskryf is.

Dit is wel belangrik om daarop te let dat daar onder Suid-Afrika se swart bevolkingsdeel vorme van etniese groepsidentifikasie plaasvind. Daar bestaan trouens dinamiese vorme van (etniese) kultuurbelewinge, sosiale patrone, tradisies, konvensies en gebruike onder swart bevolkingsgroepe. Hierdie identifikasie vind egter merendeels buite 'n politieke konteks en veral buite die amptelike groepsdifferensiasie om plaas. Die negatiewe politieke persepsie van statutêr-voorgeskrewe etniese differensiasie sluit dus nie vorme van spontane etniese identifikasie op ander vlakke en in ander verbande uit nie.

Terwyl 'n organisasie soos Inkatha nie as 'n etnies-geslote organisasie beskou kan word nie, is dit wel 'n voorbeeld van 'n organisasie waarvan die magsbasis hoofsaaklik etnies is. Die totstandkoming van (etniese) nasionale state het

natuurlik ook 'n bydrae gelewer tot die ontwikkeling van etnies-georiënteerde netwerke van belange en magsbasisse. Daarvan kan egter nie afgelei word dat etniese groepsidentifikasie binne 'n politieke konteks onvermydelik, noodsaaklik of wenslik is nie.

Die RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge wys daarop dat "ander bevolkingskategorieë tans oënskynlik 'n lae premie op etnisiteit as kern vir politieke mobilisering plaas".[18] In die geval van die buite-parlementêre opposisie, insluitende die ANC, is hierdie stelling vir korreksie vatbaar aangesien die oënskynlik geskrap en die lae vervang kan word met geen

Uit wat in hierdie artikel betoog is, is dit duidelik dat politieke mobilisasie onder buite-parlementêre groepe sowel as onder sekere binne-parlementêre groepe onder andere rondom die volgende kerne plaasvind: verwerping van etnisiteit en ras as staatkundige boustene, uitgedruk in die term apartheidstelsel, 'n eksplisiete verbintenis tot 'n nie-rassige demokratiese samelewing. Laasgenoemde vind in buite-parlmentêre kringe sy uitdrukking in die mobiliserende frase: **People's Power**. Terwyl daar dus in veral Afrikanerkringe 'n positiewe politisering van etnisiteit plaasgevind het, is etnisiteit onder ander bevolkingsdele grootliks op 'n negatiewe wyse gepolitiseer. Trouens, binne hierdie geledere het 'n negatief-afwysende houding ten opsigte van etnisiteit as 'n staatkundige bousteen die waarmerk van **geloofwaardigheid** geword.

Die voorgaande lei tot 'n belangrike gevolgtrekking wat gemaak kan word. Dit word van tyd tot tyd beweer dat daar in Suid-Afrika 'n ongeïnstitusionaliseerde en ongemobiliseerde **middelgrond** bestaan wat oor etniese en rasgrense loop. Wanneer daarmee bedoel word, soos uitgewys deur die RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge, dat daar in Suid-Afrika 'n werkwaardige konsensus onder die verskillende bevolkingsgroepe oor waardes bestaan, is die idee van 'n **middelgrond** nie heeltemal onvanpas nie.

--------------

[18] **Die Suid-Afrikaanse Samelewing: Werklikhede en Toekomsmoontlikhede**, p.65.

Wanneer met middelgrond egter bedoel word 'n groep mense wat, ondanks kleur- en kultuurverskille, 'n relatiewe mate van konsensus het oor die politieke koers wat Suid-Afrika moet inslaan, die soort kompromieë wat aangegaan moet word, die voorwaardes en agendapunte vir gesprek asook wie die deelnemende partye aan onderhandelinge moet wees, bestaan daar in Suid-Afrika nog geen middelgrond nie. Dit moet nog geskep word.

Een van die redes waarom daar polities gesproke nog gee middelgrond is nie, is die persepsies wat daar binne Suid-Afrika oor etnisiteit as staatkundige bousteen bestaan. 'n Middelgrond veronderstel immers, wat die sosio-politieke arena betref, dat daar sprake is van ten minste duidelike tekens van die ontwikkeling van 'n politieke kultuur waarin uiterste posisies oorskry en afstand gedoen word van wedersyds uitsluitende politieke visies. Dit is nog nie die geval in Suid-Afrika nie.

Trouens, dat daar groepe swart mense is, soos in die geval van die nuut gestigte Nasionale Forum, wat aan die stelsel deelneem en gesprek met die owerheid voer, is ook nie 'n aanduiding van 'n sogenoemde middelgrond nie. Al waarvan dit aanduiding is, is dat die owerheid sy gekoöpteerde medewerkers uitgebrei het en nie dat die skaakmatsituasie in verband met ras en etnisiteit binne die politiek deurbreek is nie.

Die afwesigheid van 'n noemenswaardige middelgrond hou verband met dit waarna reeds verwys is, naamlik legitimiteit. Hierdie konsep hou verband met iets anders waarsonder geen politieke stelsel doeltreffend kan funksioneer nie, naamlik hegemonie, oftewel 'n dinamiese en geïnstitusionaliseerde politieke kultuur van gedeelde waardes, norme, belange en aspirasies. So 'n kultuur vorm die grondslag vir 'n doeltreffende en aanneemlike uitoefening van mag en gesag.

Dat daar, polities gesproke, nog nie in Suid-Afrika van 'n middelgrond sprake kan wees nie, hou in die finale instansie verband met die feit dat die politieke stryd en konflik wat tans in Suid-Afrika bestaan, baie meer fundamenteel is as bloot 'n stryd om politieke mag. Dit is 'n stryd om dit wat ten grondslag van politieke mag lê, naamlik hegemonie. Hierdie stryd om hegemonie speel af tussen dié groep wat 'n politieke kultuur wil vestig waarin ras en etnisiteit statutêr-verskanste boustene vir die staatshuishouding is en diegene wat 'n

politieke kultuur sonder hierdie steen des aanstoots wil vestig. Laasgenoemde groep sluit die pragmatiese opposisie, die buite-parlementêre opposisie en die radikale uitdagers in.

Teen hierdie agtergrond gesien, sal daar eers van die ontwikkeling van 'n polities-relevante middelgrond in Suid-Afrika sprake wees as enersyds die huidige maghebbers afsien van hul pre-okkupasie met statutêr-voorgeskrewe etniese en rasse-differensiasie en andersyds die teenpartye hulleself bevry van hul algehele aversie teen sosio-kulturele en etniese identifikasie. Ten einde 'n proses van politieke bedinging aan die gang te kry, sal dit na alle waarskynlikheid 'n noodsaaklike kompromis moet wees. Dit is immers eers dan wanneer daar in Suid-Afrika erns gemaak kan word met die bou en onderhou van kruissnydende en oorkoepelende algemene waardes en belange, oor etniese en rasgrense heen, wat stabiliserend op die staatkundige huishouding kan inwerk en 'n andersoortige vorm van hegemonie sal vestig as wat tot nou toe die geval was.

Kortom, die huidige staatkundige hantering van die verskynsels van ras en etnisiteit, en die politieke persepsie wat as reaksie daarop ontwikkel het, lê tans onder andere ten grondslag van die impasse waarin politieke prosesse in Suid-Afrika beland het. Daarom kan die RGN-verslag oor Tussengroepverhoudinge (p.66) tot die slotsom kom: "In soverre die idee van etnisiteit veral sedert 1948 'n belangrike faktor in die apartheidsmodel geword het, het dit verpolitiseer geraak en kan politieke beleid nie meer daarmee gelegitimeer word nie."